



911

BESKERMINGS DAG

STEVEN ANDRIES

Streekbibliotekaris, Saldanhabestreek

Op 29 September het ek die voorreg gehad om Darling-Noord Biblioteek se vakansieprogram by te woon. Die tema vir die dag was heel gepas, 911 - Beskermingsdag.

Die Darling-Noord Biblioteek reëlingskomitee bestaande uit die bibliotekaris, Anne Lategan, en vyf gemeenskapslede, het hulself oortref deur alle rolspelers in die gemeenskap, vanaf die publiek tot die nood-, beskermings- en gesondheidsdienste vir die geleentheid te betrek. Die bywoning uit die gemeenskap was besonder goed en ongeveer 500 kinders en 40 volwasse nes het die verrigtinge bygewoon.

Die program het begin met 'n gebed en verwelkoming deur Raadslid Abe Johnson. Die munisipale polisie was eerste aan die beurt en het die kleinspan oor padveiligheid en kinderbeskerming ingelig.

Na 'n dansvertoning deur die plaaslike dansgroep, Darling Fokus, het die Atlantis Brandweer en Metro Ambulansdienste die kleinspan oor brandgevaar, noodhulp en die gebruik van noodnommers ingelig.

Die hoogtepunt van die dag was 'n simulatie van 'n motorongeluk en die optrede van die nood- en beskermingsdienste in so 'n geval.

Regs bo: Simulasie van motorongeluk en optrede deur nood- en beskermingsdienste

Regs: Kinders uit die gemeenskap luister aandagtig na praatjies oor padveiligheid, brandgevaar, noodhulp, kanker, vigs en kinderbeskerming

Die noodvoertuie en munisipale polisie het die 'ongelukstoneel' met loeiende sirenes genader en die gebied afgesper. Elke beamppte het presies geweet wat om te doen en in 'n oogwink is die 'beseerdes' met meganiese kake (jaws of life) uit die motorwraak gesny, op die toneel gestabiliseer en per ambulans weggeveem.

Met dié realitiese demonstrasie het die skare tot meer as 800 gegroei en dit was gevolg deur 'n demonstrasie van die brandweer waarin 'n brandende motorwraak geblus is.

Na 'n pouse waartydens broodrolletjies en lermoene aan die kinders uitgedeel is, het die program voortgegaan met praatjies oor kanker en vigs.

Captain Crime Stop het die finale bydrae gelewer met 'n lewendige praatjie oor misdaad. Die seremoniemeester vir die dag, Cathleen Fortuin, het almal bedank en daarmee 'n baie geslaagde program afgesluit.

